# Bela-aksieberaad

## Skrap artikels 5 en 6 van die Bela-wet.

**10 Oktober 2024**

**Ons, die sprekers van Afrikaans uit alle bevolkingsgroepe:**

- beklemtoon die belangrikheid van hoëgehalte-onderwys vir ons land;
- glo aan die krag van moedertaalonderrig as metode om gehalte-onderwys te voorsien en te beskerm;
- gun gehalte-moedertaalonderrig aan alle taalgemeenkappe;
- is teleurgesteld met die staat se stadige vordering met moedertaalonderrig vir ander taalgemeenskappe, wat tot gevolg het dat bykans 90% van Suid-Afrikaanse kinders nie in hulle eie taal kan skoolgaan nie;
- gee erkenning aan die geslagte voor ons se stryd om Afrikaans as onderwystaal te vestig te midde van moeilike omstandighede;
- glo dat onderwys in eie taal ook waardes en kultuur oordra;
- spreek ons waardering uit vir die Afrikaanse skoolgemeenskap wat 'n uitnemende skoolstelsel gevestig het;
- glo aan die gesag van beheerliggame wat ouers die reg en verantwoordelikheid gee om te besluit oor hulle kinders se opvoeding;
- glo aan die krag van aktiewe gemeenskapsdeelname – veral deur middel van selfstandige beheerliggame – as sleutel tot doeltreffende onderwys en opvoeding van ons kinders
- verwerp die idee van staatsbeheer waar sentraal oor skole besluit word; en
- is diep teleurgesteld in die staat se onvermoë om gedurende die afgelope 30 jaar nuwe skole te bou en dan kapasiteituitdagings voor die deur van reeds oorvol Afrikaanse skole plaas.

**Daarom verwerp ons:**

- enige aanval op of verskraling van moedertaalonderrig in die algemeen en Afrikaans spesifiek;
- die Bela-wetgewing wat oor die algemeen neig om die staat meer mag oor ons skole te gee en daardeur ouers se gesag ernstig ondermyn en vernietig;
- spesifiek artikels 5 en 6 wat aan die onderwyshoof die reg gee om aan skole voor te skryf oor taal en toelating; en
- die Gautengse Onderwysdepartement se vyandige houding teenoor Afrikaanse skole.

**Daarom besluit ons op die volgende aksiestappe:**

- om alles in ons vermoë te doen om die uitnemendheid van Afrikaanse skole te beskerm;
- om moedertaalonderrig in die algemeen te bevorder, om sodoende uitnemende onderrig in alle taalgemeenskappe te bevorder;
- om met alles wat ons het Afrikaanse skole en Afrikaans in skole te beskerm;
- om die sentralistiese aard van Bela en spesifiek artikels 5 en 6 te beveg;
- om aktief deel te neem aan bedinging met die regering en partye in die Regering van Nasionale Eenheid om Bela te wysig;
- om spesifiek die DA en VF+ te vra om hul deelname aan die Regering van Nasionale Eenheid te heroorweeg indien Bela in sy huidige formaat in werking gestel word;
- om 'n dag van protes te hou om vir die wêreld te wys alle Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika verwerp die aanval op moedertaalonderrig en ons skole;
- om voort te gaan met hofaksie indien Bela in sy huidige formaat geïmplementeer word; en
- om die ontwikkeling van onafhanklike skole as komplementerend tot die Afrikaanse openbare skoolstelsel te ondersteun.

**Vir ons taalgemeenskap is moedertaalonderrig in ons skole en vir ons kinders 'n rooilyn.**